

5 Januarie

Efesiërs 2:1-10

Glo - my antwoord op God se woord

Ons moet suiwer dink oor die geloof, want geloof is die lewensband met God. En alles wat nie uit die geloof is nie, is sonde... En ons lewe en werk in hierdie nuwe jaar moet *geloofslewe* en *geloofswerke* wees...

Wat is geloof?

Vandag enkele gedagtes oor die *aard* van geloof. En dan? Geloof is nie 'n ding, 'n iets nie; nie 'n naamwoord nie, maar 'n werkwoord. Dit is my reaksie op God se aksie, my antwoord op God se woord.

My geloof korrespondeer met God se genade.

Presies dit wil Paulus sê in Efesiërs 2:8:

"Julle is inderdaad uit genade gered, deur geloof".

Net soos geloof, is genade ook nie 'n iets, 'n ding wat jy by God kry nie. Genade is God se *gesindheid* teenoor my. Ons kan ook sê: God is my as sondaar *toegeneë*. So voel Hy teenoor my. En omdat Hy so teenoor my voel, skenk Hy aan my *genadegawes* (lewendmaking in Christus, heerlijkheid, ens. Ef. 2:5 en 6).

Maar die werklike redding kom eers as ek God se positiewe gesindheid teenoor my (genade) beantwoord met my positiewe gesindheid teenoor Hom: Geloof. Deur te glo *aanvaar* ek dus God se genadegawes aan my. Om te glo is om die geestelike hand uit te steek en te neem wat God aan my uit genade skenk.

Letterlik alles is genade. Daar is geen verdienste van my kant nie.

Selfs die geloof, die werklikheid dat ek glo en kan glo is God se genadewerk in my.

Staan vas in die geloof.

Sing Psalm 68:9

Ds. D. Postma (Frankfort)